Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

22 November 2026

Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!

Die Boodskapper

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / admin@gkbo.org.za

Oggenderediens (9:00) : Ds Brahm Robinson

Vooraf: Sb. 1-5: 1-4
Votum en groetseën
Sing: Lied 199: 1-3
Wet van die Here
Gebed

Belydenis van Geloof – Barry, Magda en Valenska Nel en Chante Opperman
Sing: Lied 305:3
Geloofsbelydenis: Lied 261: 1-3

Bediening van die Doop: Stefan Maritz en Chante en Liané Opperman
Sing: Ps. 105: 2 en 5 (Totius)
Skriflesing: Psalm 27
Tema: *Die Here is my lig, verlossing en toevlug*
Gebed
Offergawe
Sing: Ps. 27: 1,2 en 6 (Totius)
Uitstuurseën
Amen

English Service (16:30) : Rev Tshidiso Moletsane

Greeting
Benediction
Sing: Praise, my soul, the King of Heaven
Sing: Before the Throne of God above
Apostolic Creed
The Ten Commandments

Scripture: John 1: 40-42
Theme: *The Discipline of witnessing*
Prayer
Sing: Rock of Ages
Sing: Great is Thy Faithfulness
Benediction

Aanderediens (18:00) : Ds Reinder Kingma

Votum
Groetseën
Sing: Skrifberyming 14-2:1,2
Skriflesing: Hebreërs 6:13-20
Sing: Lied 512:1,2
Gebed
Woordbediening

Teksverse: Hebreërs 6:19
Tema: *Eindelose HOOP!*
Sing: Psalm 42:3,5,7 (p.214)
Gebed
Liefdegawes
Sing: Lied 588:1,2,3
Seën van die Here

Waarvoor kan ons bid?

- Bid dat elkeen wat besig is met eksamen die krag sal ontvang en daardeur sal volhard in hul studies.
- Bid dat die Here ons geloofsbande sal seën en dat ons mekaar sal liefhê tot sy eer.
- Bid vir ons voorbereiding vir nagmaal, dat elkeen opnuut weer selfondersoek sal doen; dat ons sal kom met berou oor ons sonde, teen die sonde stry en ons verlossing alleen in Christus soek; en dat die Gees ons versterk dat ons opnuut sal besef dat ons deur Christus se offer volkome vergewe is.

Chri-sante:	**Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676	
	Alle Hospitale: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen	
WEBTUISTE:	https://www.gkbo.org	
Ds Brahm Robinson:	064 656 1374	brahmrobinson@gmail.com
Ds Jaco Linde	062 552 5492	lindejaco@gmail.com
Kerkkantoor/whatsapp:	082 712 4629	admin@gkbo.org.za
Kassier:	083 659 1301	kassier@gkbo.org.za
Kosters: Elfriede / Melanie	083 636 9840 / 084 308 3118	koster@gkbo.org.za

KOLLEKTES: VANDAG : Diakonale Kas en Emeritaatsfonds
Sondag 29 November : Instandhouding van die Erediens en GKSA Sustentasiefonds

	VANDAG:	**Sondag 29 November:**
Orrel:	Bart van Milligen	Pieter Venter
Projektor:	Jenny Wendt	Andries Venter
Teeskink:	DN4; KU1 en KR2	NAGMAAL
Parkeerterrein:	Dewald en Hester Hattingh	Anton en Mieneke Vreulink

KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG: Elsie Visser en Sjoerd Alkema
Sondag 29 November: Wickus Aucamp en Johan Beumer

DAGBOEK 22 November tot 28 November

VANDAG	Gebedsgeleentheid	Gebedskamer	8:30
VANDAG	Hulpkategete vergadering	Konsistorie	Na oggenderediens
VANDAG	Voorskoolse kategete vergadering	Voorskoolse klas	Na oggenderediens
Di 24/11	Herderouderlinge vergader	GKBO	18:30
Woe 25/11	Diakonie vergader	GKBO	19:30
Sa 28/11	Dankbaarheidsfees	GKBO	17:00

BYBELSTUDIES

Wo 18/11	Oggend Bybelstudie - afsluiting	GKBO	10:00

Van die Kerkraadstafel:

Sakrament van die Nagmaal – Sondag 29 November

Ons vier DV volgende Sondag **29 November** die sakrament van die Nagmaal in opdrag van ons Here Jesus Christus.
In die oggende geskied dit in die banke asook aan tafel terwyl dit in die aande slegs aan tafel gevier word. Die ouderlinge sal tydens die bediening van die Nagmaal die wyn en die brood uitdeel. Hou dit gerus by u sodat ons almal saam die Nagmaal kan vier.

Indien u dalk die oggend of aand 'n besoeker is, is u ook welkom om die Nagmaal saam met ons te vier indien

- u onvoorwaardelik Jesus Christus as Verlosser en Koning bely en biddend navolg deur die krag van die Heilige Gees
- u die gereformeerde godsdiens bely en beoefen
- u die vrymoedigheid het om die Nagmaal in u eie gemeente te vier en nie onder kerklike tug staan nie.

Skriftelike aansoeke kan gerig word aan skriba@gkbo.org.za

Ter approbasie:

Die kerkraad hou die volgende lidmate ter approbasie voor aan die gemeente in die amp van diaken:

Eugene Genade; Philip Olivier; Marili Olivier; JT Reesink; Mandelie van Graan; Isak van der Walt.

Ons bid die Here se wysheid oor hierdie lidmate in die oorgewing van die roeping

Geloofsbelydenis:

Die Nel-gesin, Barry, Magda en Valeska sowel as **Chante Opperman** kry vanoggend die geleentheid om hulle geloof voor God en Sy gemeente te bely.

Ons is die Here so dankbaar vir Sy ongekende genade in die lewens van Sy kinders. Mag die Heilige Gees julle elkeen verder ly in julle groei na geloofsvolwassenheid.

Doopbediening:

Ons het die voorreg om vanoggend ook die sakrament van die Doop te bedien:

Klein **Stefan** is die tweede verbondskindjie van **Willem en Bianca Maritz** en 'n kleinboet vir **Inge.** Ons verwelkom graag ook vir **Oupa Toit en Ouma Retha asook vir Oupa Deon en Ouma Charlotte** wat die dag saam met ons vier.

Tiaan en Chante Opperman se Liané word vanoggend saam met **mamma Chante** gedoop. Hierdie gesin is ook terdeë bewus van ons Vader se almag, genade en groot liefde vir Sy kinders, groot en klein. Ons dank die Here saam met hulle vir al die liefde en ondersteuning wat hulle van **Oupa Johan en ouma Elize, oupa Jacques en ouma Lynette du Toit en oumagrootjie Anita du Toit** ontvang het.

Ons wens elke gesin van harte geluk met hierdie mooi geleentheid. Mag die Here ook vir julle verder die krag en leiding gee om hierdie verbondskinders tot Sy eer op te voed.

Ons is die Here dankbaar vir SY groot genade in ons gemeente wanneer ons vandag ons 'rekord' van 19 dope in een jaar oorskry na 22 dope vir die jaar. Mag ons in nederigheid en afhanklikheid ons taak in die opvoeding van Sy kinders alles tot eer en verheerliking van Sy grote Naam doen.

Kleuterkatkisasie:

Ons herinner graag ons ouers van jong kinders, veral ons nuwe lidmate, dat daar elke Sondagoggend tydens die kwartaal voorskoolse katkisasie vir kinders 3-6 jaar aangebied word. Die kinders leer van die evangelie op ouderdomsgepaste wyse. Die kleuterkatkisasie is in die eerste katkisasieklas in die agterste vierkant (by die agterdeur van die saal.)

Ons doen 'n beroep op enige lidmaat om hier te kom bedien. Daar is tans ongeveer ses helpers wat gereeld betrokke is. Ons wil graag ook die span wat help met beplanning uitbrei. Ouers, grootouers of paartjies wat graag wil help kan met Louise Aucamp skakel. Daar sal ook vanoggend na afloop van die erediens 'n beplanningsessie vir volgende jaar wees.



Lidmaatsake en Nuus

Meelewing:

Ami Aucamp, **Lynette Grové** en Paul Grobbelaar is almal ontslaan en sterk tuis aan. Ons is saam met julle dankbaar dat julle almal weer tuis is.

Ena Krüger word Maandag in Melomed Hospitaal opgeneem vir behandeling. Ons bid dat die behandeling geseën sal wees en sy gou weer haar lewenskragte sal herwin.

Annatjie Scannell se swaer **en Joe Voogt** se oom is hierdie week oorlede op die mooi ouderdom van 96 jaar. Ons bid hulle die nabyheid van die Here toe in hierdie hartseer tyd.

Thea van der Walt is oorgeplaas na Tygervallei Intercare. Ons is dankbaar vir sodanige beterskap.

Evert Veenstra was die afgelope week weer in die hospitaal vir toetse nadat hy Maandag ontsettende pyn ervaar het. Hy is Vrydag ontslaan. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe.

Elzar Wendt ondergaan Dinsdag 'n rugoperasie by Cape Gate hospitaal. Dis 'n baie lang prosedure met 'n lang hersteltyd. Ons bid die Here se bewarende hand oor hom tydens die operasie en met sy herstel. Mag die operasie 'n sukses wees dat hy weer pynvry kan wees.

Hilda Willemse is verlede Sondag oorlede. Sy was 'n ou bekende en baie geliefd hier tussen ons. Ons bid haar kinders die vertroosting van die Here toe. Die troosdiens reëlings is nog nie bekend nie.

Baie dankie

Die Beekman familie wil die lidmate bedank vir die blomme na hul swaer oorlede is. Elke keer as ons na die blomme kyk, was ons bewus van die lidmate se meelewing . Ons familie in Pretoria was bewoë toe hulle hoor van die blomme van meelewing.

Liewe Gemeentelede van Bellville-Oos,

Ons wil net eerstens ons dankbaarheid teenoor die Here betuig wat ons die afgelope drie maande letterlik van dag tot dag gedra het. Verder wil ons al ons mede gelowiges bedank wat met hulle meelewing, gebede, boodskappe en besoeke ons hande gesterk het.

Ons kleinseun, Wouter, het 'n maand in die hospitaal op 'n hart gewag en het op 16 September die oorplanting gekry waarna hy nog twee maande in die hospitaal was. Hy is verlede Vrydag ontslaan en dit gaan goed met hom. Verlede Maandag het (Oupa) Wouter 'n nekoperasie gehad wat goed afgeloop het en hy vorder ook na wense.

Baie dankie vir julle meelewing en ondersteuning. Wouter en Rina Grové

Baie welkom:

Ons verwelkom graag vanoggend vir **Barry, Magda en Valeska Nel**, ouers en suster van Heinrich Nel wat vroeër hierdie jaar ook Geloofsbelydenis afgelê het. Barry is 'n Konstruksie Projek Bestuurder en Magda 'n Tuisteskepper.
Wyk: TY3

Valeska, hul dogter, is 'n Senior Bemarkingsbestuurder by Visibility Wins. Sy woon in die stad.
Wyk: TY2

(Alle persoonlike inligting en fotos is verwyder in lyn met die Popia wetgewing)



Mediateek:

Besoek die mediateek en verbreed jou kennis oor Kunsmatige Intelligensie.



Verjaarsdae: 22 – 28 November



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar en in besonder **Gerrit Nieuwoudt, Abram Aucamp en Lynette Grové.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

VANDAG	22/11	DOUW	STEYN	GF33
Maandag	23/11	KARLI	OLIVIER	TY3
Dinsdag	24/11	LIZE	JACOBS	KR2
Donderdag	26/11	LEE-ANN	JUCKERS	GF23
		TOBIE	OOSTHUYSEN	GF08
		WIIDA	SANDER	GF05
Vrydag	**27/11**	LUKAS	COETSEE	DN3
		KARIN	JOOSTE	KU2
		RONÉL	KRUGER	GF10
		GERRIT	**NIEUWOUDT**	**BR4**
Saterdag	**28/11**	**ABRAM**	**AUCAMP**	**GF15**
		LYNETTE	**GROVÉ**	**BR3**
		STEFAN	JANSE VAN RENSBURG	VR1
		LOGAN	VAN DER WALT	GF12
		IAN	VLOK	GF03

Griefshare 2027:

Die volgende (baie waardevolle!) ***Griefshare*** program is reeds beplan. Ons begin Donderdagaand 4 Februarie 2027 om 18:00 in die konsistorie by die kerk. Daar sal wel 'n kort onderbreking tydens die April skoolvakansie wees.

Lidmate kan nou al inskryf om plek te verseker. Ons het reeds vyf inskrywings ontvang!

Woning gesoek

'n Gesin in ons gemeente is op soek na 'n 3-slaapkamerhuis om te huur voor einde Januarie 2027.
Begroting: ongeveer R18 000 per maand (Brackenfell, Durbanville omgewing.)
Indien u dalk van iets weet of kan help, kontak gerus Oudl. Wickus Aucamp.

GKBO Kommunikasiekanale:

Die gemeente het verskeie kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting.
Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en **slegs *admins* kan boodskappe versprei**. **In lyn met die POPIA wet mag slegs lidmate lede van die groepe wees.**

Algemene Gemeente boodskappe: (Slegs lidmate)
https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq

Susters whatsapp groep: https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVel (Slegs lidmate)

Kontaknommer vir die kerkkantoor: Jenny Wendt 082 712 4629

Bybelse Berading:

Kyk gerus op ons webtuiste www.gkbo.org na die volledige inligting.

Cherie Fourie : Epos: cherie@abbo.org.za; Selfoon: 083 522 7667
Fokusareas: Vroue en kinders, egskeiding, dood, rou, huwelik, mishandeling, aftrede, konflik, skolastiese vordering, selfbeeld en identiteit.

Eugene Viljoen : Epos: emyn04@gmail.com; Selfoon: 084 023 8239
Fokusareas: Algemene etiese vraagstukke insluitend seksualiteit en geslagtelikheid, genadedood, selfdoding, reg en geregtigheid, lewenseinde, huwelik, egskeiding, hertrou en huwelikvoor-bereiding.

Hennie Kruger : Epos: henniekruger73@gmail.com; Selfoon: 072 320 8170
Fokusareas: Finansiële Rentmeesterskap, rou en verliesverwerking, konflik en verhoudings.

Vorster Combrink : Epos: vorster@abbo.org.za; Selfoon: 082 872 9725

Fokusareas: Huwelik, ouer-kind-verhoudings, trauma (akuut, kronies, seksueel, post trauma); verslawings (verhoudings; middels; voedsel; geld; seks)

Kerssang

Gereformeerde Kerk Bellville

Broadway straat, Bellville

29 Nov

18:00 Erediens
Kerssang
Verversings

Almal is hartlik welkom!

KOFFIE DRINK

Alle studente en jong werkendes van VGK Bellville, GK Bellville-Oos en GK Bellville welkom!

KOM GENIET 'N KOFFIE EN KUIER SAAM

SONDAG 29 NOVEMBER

19:30

VGK BELLVILLE
H/V FRANS CONRADIE &
STELLENBERGWEG

